

Nuusbrief 7 28 Februarie 2017

Saamgestel deur Wilna van Rooyen

083 454 2843 wilnav@leeuwenhof.co.za

Foto's!:

Liewe Ouers,

Ons voorsien graag die foto's van ons kinders aan u. Die skool dra die koste daarvoor.

Daar is 'n nommer op een van die klein foto's, wat u kan gebruik indien u ekstra stelle wil bestel, maar daarvoor beloop die koste R105 per stel, ons kan ongelukkig nie die koste vir ekstra stelle dra nie.

Ons hoop u geniet die foto's! Vir ons is ons kinders beeldskoon!!



In hierdie uitgawe:

Bl. 1 Foto's

Kaskardag Borgvorms

Bl. 2 Koffiebekers

Welpierugby

Verjaarsdae

Bl. 3 Belangrike datums

Suiker

Bl. 4 Deel

Voorkoms

Kinders



Kaskardag Borgvorms—6 Maart:

Daar is gelukkig nog tyd om geldjies in te samel op die borgvorms! Oupas, oumas, ooms en tannies kan dus **nog ruim bydra** tot ons Kaskardagfonds!

Die borg/donasielys, met die donasiegeldjies moet asb. **voor of op 6 Maart** by die skool wees.

Ons sal daarna bereken wie die wennertjies is en watter klassie hierdie jaar gaan melkskommel drink by Primrose se Spur!

BAIE dankie aan elkeen wat al so ruim bygedra het, op die borglyste en vir die wonderlike bydraes vir die Teetuin!

WOEKER asseblief vir oulaas met daai vorms!!!



Koffiebekers:

Ons het nog 'n paar van die bekers oor, wat u by die skool kan kom koop teen **R80 elk**.

Dis 'n oulike aandenking, omdat dit met die skool se wapen daarop spog!

Dit gaan die koffie of warmsjokolade sommer lekker warm hou, wanneer die koeler weer aanbreek.



Opedag 10 Maart:

Die Laerskool en Hoërskool se opedag vind op 10 Maart plaas. Nooi gerus enige belangstellendes om dié geleentheid by te woon.

Dit begin om 15:00 by die Laerskool- en Hoërskool sale.



Welpierugby:

Ons gr. 0 seuntjies is tog te opgewonde oor die Welpierugby, wat op Dinsdag 7 Maart begin. Hierdie termyn word geoefen, die **wedstryde** begin van **Mei tot Junie**.

Verjaarsdae:

Ons wens elkeen wat in Maart verjaar, van harte geluk! Juf. Leretha, Liam Bonthyzen, Dennis Engelbrecht, Wian Booysen, Kian Viljoen, Joshua Cloete, Gustav Potgieter, Kiara Potgieter, Kyle Hex, Leah Ferreira, Melissa Engelbrecht, Enya van Rooyen, Liam Taljaard en mnr. Johan Bezuidenhout.

Mag die Heer jul elke dag van die nuwe lewensjaar in besonder seën.

Belangrike datums:

- 6 Maart:** Inhandiging van **Borglyste** vir **Kaskardag!!!!**
- 7 Maart:** Welpierugby – oefening begin
- 10 Maart:** Opedag: Laerskool en Hoërskool
- 17 Maart:** Uitstappie na Kidzville—Voorsool
- 28 Maart:** Ons kleuters trek aan soos pappa of mamma!
- 5 April:** Bybelse “ete” vir ons kinders—net druiwesap en ongesuurde brood—ons vier die eerste nagmaal!



Wees versigtig vir suiker!:

Wetenskaplike studies wys dat suiker geïmpliseer kan word in die groei en verspreiding van kanker, tog word die verbruik daarvan bykans nooit deur enige onkoloog aan 'n kanker leier as nadelig vir sy herstel van kanker uitgewys nie.

Suiker is gevaarliker as rook vir jou liggaam, omdat jy dit reeds van 'n jong ouderdom af in gekonsentreerde vorm inkry en dit word in amper alle kommersiële kossoorte versteek.

Matte te koop!:

Ons het die oulikste fantasiematte vir kinders te koop!

Die karretjiematte is beskikbaar teen R320 elk (in die winkels kos dit R360) en die “Fairyland” mat (wat nie eers in winkels beskikbaar is nie!) teen R300 elk.

Die matte is fantastiese geskenke en kan hier by die skool gekoop word. Ons wil graag die projek op 10 Maart afsluit.





Goue geheime van deel:

Jou kind hoef nie elke ding te deel wat hy of sy besit nie. Gun hul 'n paar goed waarmee net hulle kan speel, soos 'n teddie of 'n speelding met sentimentele waarde. Bêre dit wanneer maatjies kom kuier, sodat niemand anders daarmee kan speel nie. Dié spesiale speelgoed met darem net in die minderheid wees.

Leer jou kind van kleins af wat deel is, soos met etenstyd: "Een happie vir jou, een happie vir my."

Stel vir jou kind grense sodat hy of sy besef die lewe gaan net oor hom of haar nie. Hul moet leer om 'n bietjie te wag: "Storietyd is ná ete. Ek is besig om kos te maak en kan nie nou vir jou lees nie." (Vervolg volg, Week)

Is voorkoms so belangrik?:

Daar word deesdae baie klem gelê op voorkoms en status. Kleuters sien dit by volwassenes en val daarby in. Kinders wat nie by die groep inpas nie, word maklik uitgestoot. Die gevolg is dat daar van vroeg af reeds baie druk op jong kinders is oor klere, hare ne eselfs die soort kosblik of skoortas wat hul het.

Leer die kinders dat voorkoms of besittings nie bepaal wie jy regtig is nie.

Prys kinders oor nie-materiële dinge—wanneer hy of sy 'n maatjie troos, of 'n maat help om iets te doen.

Oppas dat jy nie self ook kinders oordeel op grond van hul voorkoms of die oulike goed wat hulle doen nie. (Lééf Jan 2017)



Gebed vir Kinders:

Here Jesus,

Elkeen van hierdie kleintjies is uniek en baie spesiaal in U oë. Help my om nooit hul vreugde te demp deur die een bo die ander te bevoordeel nie. Help my om elkeen onvoorwaardelik lief te hê.

Amen

Baie dankie!

Vriendelike groete!

Wilna van Rooyen